NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

**Sondag, 28 Julie 2024**

**God is liefde en het ons lief – steeds en wéér... Laat óns op Sy liefde antwoord.**

*"Die Here het vir my gesê: 'Gaan* *__weer__*, *gaan bemin 'n vrou wat bemin word deur 'n vriend, en wat egbreuk pleeg; soos die Here die Israeliete liefhet, terwyl hulle na ander gode draai en van rosynekoeke hou…*
*Daarna sal die Israeliete terugkeer en die Here, hulle God, soek, en Dawid, hulle koning. Ja, hulle sal bewend na die Here gaan, en na sy goedheid in die laaste dae.'"*
(Hosea 3:1 en 5)

'n Kort en kragtige, vréémde en verontrustende klein gelykenis: Die verhaal oor die profeet Hosea, uit die 8ste eeu vóór Christus; waarskynlik opgeteken ná die val van die noordelike hoofstad Samaria (722 v.C.) as inleiding tot 'n langer profeteboodskap aan die suidelike twee stamme Juda en Benjamin, na die hoofstad Jerusalem, waar die tempel nog in sonlig en vryheid geblink het…

Ons lees vanoggend die derde deel van die kort "gelykenis", Hosea 1 tot 3. God wat 'n profeet met die naam Hosea ("Hy red/verlos") stuur om met 'n prostituut te gaan trou, kinders te hê en ook haar "ander" kinders as sy eie te aanvaar – hul name, 'n hartseer herinnering aan die breuk wat tussen die volk en God gekom het (1:4, 6 en 9). *"Nie myne nie"*! In hoofstuk 2 – verlede Sondag – word die lewe van hierdie vrou met die vele minnaars beeldryk beskryf: Dit wat nét God kan gee en oorvloedig al gegee hét – liefde, sorg, gesondheid, voedsel, kleding, lewe – het Israel elders, in die vrugbaarheids- en voorspoedskultusse van hul tyd in die land Kanaän, gaan soek; *"Sy het My vergeet"*, sê die Here (2:12). Hoe Israel dit alles sou verloor; haar rondlopery na ánder gode afgekamp (2:5), haar feesvieringe stil (2:10), haar land gestroop, 'n wildernis (2:11). En dán sal dit insink, daar inkeer kom, sy terugdraai na God omdat Hy Hom uit liefde aan haar blý verbind (2:18-19). *"Ek sal my ontferm oor Lo-Rugama en vir Lo-Ammi sê: 'Jy is my volk'"* en Israel sal antwoord; "my God" (2:22)…

En dan gebeur dit wéér! "__Weer__" – so staan die woord aan die begin van Hosea 3 daar; só roep God uit! Verbystering! Teleurstelling! In skrille kontras met die beelde van vergifnis en inkeer, versoening en herstel aan die einde van hoofstuk 2, het die volk wéér vergeet en na ander gode gedraai (3:1). Gaan haal haar wéér, Hosea, *"soos die Here die Israeliete liefhet."* En word die pad terug beskryf; "the hard way home", noem Derek Kidner dit **("Love to the loveless")**. Onmiskenbaar: Die gelykenisse van Jesus oor 'n boer en sy wingerd, weer en weer (Matteus 21); van 'n Pa wat sy wegloopkind omhels (Lukas 15). Want God is liefde. Steeds. Altyd, weer.

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; die gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter. Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog 'n bietjie te kuier.

## LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers**

**Stilte vir gebed**

**Wydingslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526: Afr/Lat/Afr)

**Oproep:** **Liturg** – "Keer terug, Israel, na die Here jou God… (Hosea 14:2-3a)
Jy moet die Here jou God liefhê,
met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
(Matteus 22:34-40) En, jy moet jou naaste liefhê soos jouself…
Kom met julle woorde, en keer terug na die Here. Sê vir Hom: …"

**Gemeente** – "… Vergewe ons sondeskuld volkome, Here,
aanvaar ons belydenis;
niemand anders kan ons red nie;
ook nie ons eie handewerk nie;
net by U vind die vaderlose, ontferming." (Hosea 14:3-4)

**Verootmoediging:** "God is liefde! Juig ons harte" (Lied 334:1, 3, 2 en 4)

**Votum** (uit Hosea 14)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (staande)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Hoe lief het ek U woning, Heer" (Psalm 84:1, 2 en 3)

**Gebed**

**Skriflesing:** Hosea 3:1-5

**Verkondiging**

**Danklied:** "Heer, omvou ons met u liefde" (Lied 536:4)

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Eer aan die Vader" (Lied 207:1, 2 en 5)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 28 Julie | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé) |
| Sondag, 4 Aug | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in die saal, dr Martin Laubscher |
| | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Nagmaal Siësta) |
| | 18:00 – Wyksbyeenkomste – sien hieronder vir meer inliging. |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 28 Julie | Franco Bekker en Cas Harris. |
| 30 Julie | Choppie Ferreira en Pieter van Rooyen. |
| 31 Julie | Marietta de Kock, Francois du Plessis, Una Fourie, Philip Hutton, Johan Jacobsz, Lorainne Jonker en Hayley Thompson. |
| 01 Aug | Esmari Bothma, Josh Faber en De Klerk Kruger. |
| 02 Aug | Erik Bruger, Annalie Loots, Pieter Marais, Hesna Mostert en Anna Visser. |
| 03 Aug | Christélee Jooste, Geo Jooste en Erna Strydom. |

Ons is ook bly saam met twee van ons matrieks, wat as Presidentsverkenners in die Voortrekkers aangewys is, Annelize Kleynhans en Francois de Wet – geluk!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Barbara Hensen (Serenitas 12, wyk15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Lynette Venter-Hefer (Inneslaan 7c, wyk 19b); Tannie Rina Visser (Batonstr. 2, Wyk 2); Amanda Windt (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a); Donnette Watkins (Serenitas 141a, wyk15b); Tannie Santie Kleynhans en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10); Gerda Snyders (Willowwood 1, Wyk18b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, Wyk 15b) en Ida van Rensburg, vroeër van Winterstraat (Pretoria).
Ons dink ook aan ds. Johan Marais, wat afgelope Vrydag 'n knie-operasie ondergaan het; hy sal met verlof wees tot 8 Augustus 2024 – ons bid hom spoedige beterskap toe!

Ons meelewing aan Anna-Maria en Frederick Fourie (Wyk 5b), Magdel Louw en familie, by die heengaan van Maretha Venter, die suster van Anna-Maria; ook aan Tannie Barbara Hensen (Serenitas) wie se broer oorlede is. Ons bid jul die nabyheid van die Here toe.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

**Dis die kerk se skuld (Of ís dit? En indien wel, wat?)**

**'n WYKSBYEENKOMS / KLEINGROEPGESPREK – SONDAG, 4 AUGUSTUS 2024**

Ons nooi almal uit om volgende Sondagmiddag/aand 'n interessante gesprek oor Hosea 4 & 5 by te woon, in ons reeks uit dié profeteboek wat dan by die meer spesifieke en konkrete deel kom oor presies wat foutgegaan het; vier keer word die vinger gelê op "geen kennis van God in die land nie" (4:1, 6, 14 en 5:4). Die skuld dáárvoor, die eerste woord daaroor, is gerig aan die priesters! Kom lees en gesels saam. Ouderlinge sal jul inlig oor die tyd en adres in elke wyk; daar's ook 'n byeenkoms in die Jeugkamer, gelei deur ds. Jan Lubbe.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Augustus sorg **Wyke 14** (Westdene) en **18** (Verre Noorde) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). Dankie aan Wyke 11 & 12 vir Julie!

**Kerkraadsvergadering:** Sondagaand, 18 Augustus saam/direk ná die aanddiens.

## BEDIENINGE

Bedieninge wat hierdie week vergader, is die volgende – en jy is hartlik welkom daarby:

| | |
|---|---|
| **Geldsakekomitee:** | Maandag, 29 Julie om 17:30 |
| **Bestuursraad**: | Maandag, 5 Augustus om 18:00 |

**GEMEENTEBEDIENING**
**Bybelsondag, 25 Augustus 2024:** Soos elke jaar, vier ons weer die Bybel in Afrikaans, en samel ons fondse in vir die Bybelgenootskap en hul werk; kry solank jou botteltjie of boksie en begin "spaar"...

**GETUIENISBEDIENING**
**Gemeentemark:** Neem kennis dat die volgende Gemeentemark eers op Vrydag, 30 Augustus sal plaasvind; skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware is welkom!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




In vandag se Fokus is die bydraelys met alle besonderhede; neem gerus, beplan en laat weet hoe jy wil help – ons waardeer alle kontant, skenkings en veral hande wat help!

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, <u>28 Julie</u>: **ENGO Maatskaplike Dienste.**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan